**GRONDWET VAN DIE STRUISBAAI TRADISIONELE LYNVIS ASSOSIASIE**
("die assosiasie")

1. **ASSOSIASIE NAAM EN STATUS**

1.1 Die assosiasie staan bekend as “DIE STRUISBAAI TRADISIONELE LYNVIS ASSOSIASIE” en dit sal ‘n ewig voortdurende, aparte regsliggaam wees, wat onafhanklik van sy lede funksioneer, en wat in staat is om te dagvaaar en om gedagvaar te word in sy eie naam.

1.2 Die lede word beskerm teen persoonlike aanspreeklikheid vir die skulde en verantwoordelikhede van die assosiasie en kan slegs die bedrae verloor wat hulle alreeds bygedra het tot die assosiasie.

**2. DOELSTELLINGS**

2.1 Die hoofdoel en werk van die assosiasie is die bevordering, verbetering en ondersteuning van die besigheids- en ontwikkelingsbelange van tradisionele vissermanne, hoofsaaklik in die Struisbaai area.

**3. MAGTE**

3.1 Die assosiasie sal oor al die wetlike mag en vermoëns beskik wat ‘n persoon oor sou beskik en wat nodig is om die doelwitte te behaal, behalwe, tot die mate waartoe ‘n regspersoon nie in staat is om die mag of vermoëns uit te voer nie; en onderhewig daaraan dat dit slegs die magte kan uitoefen om sy doelwitte te bereik in ooreenstemming met die voorwaardes wat vervat is in hierdie Grondwet.

3.2 Die magte van die assosiasie mag slegs uitgeoefen word om die hoof doelstellings van die assosiasie uit te voer.

**4. LIDMAATSKAP**

4.1 Die assosiasie sal **drie tipes lede** hê:

4.1.1 Visserman Lede;
4.1.2 Geassosieerde Besigheids Lede; en
4.1.3 Belanghebbende Lede.

4.2 **Visserman Lidmaatskap** sal beskikbaar wees vir voorheen benadeelde skippers en/of boot eienaars, bemanning en klein visserman besighede in die Struisbaai gemeenskap.

4.3 **Geassosieerde Besigheids Lidmaatskap** sal beskikbaar wees vir ander klein en opkomende besighede in die voorheen benadeelde Struisbaai gemeenskap.

4.4 **Belanghebbende Lidmaatskap** sal beskikbaar wees vir organisasies, mense en maatskappye wat ‘n bydrae maak tot / of die organisasie ondersteun.

COPYRIGHT © 2020 NGOLAW

4.5 Die **aanvanklike Visserman Lede** van die assosiasie sal die skippers wat relatief naby aan die kus visvang en/of boot eienaars van die Struisbaai gemeenskap wat die Abalobi Mark toepassing gebruik om hulle vis te verkoop en wat toestem tot hierdie Grondwet tydens die aanvanklike vergadering/vergaderings van die assosiasie , en die **aanvanklike belanghebbende Lid** sal Abalobi (NWM) wees.

4.6 Visserman Lede en Geasosieerde Besigheids Lede sal lede word wanneer hulle die Abalobi Mark begin gebruik om hulle vis te verkoop of wanneer hulle aansoek doen om die Struisbaai Stoor fasiliteit te gebruik. Hulle sal lede bly so lank as wat hulle aktief bly op die Abalobi Mark of voortgaan om die Struisbaai Stoor fasiliteit te gebruik.

4.7 Belanghebbende Lede sal Lede word deur aansoek te doen by die assosiasie om aanvaar te word as lede deur 'n besluit van die komitee.

**5. BEEINDIGING VAN LIDMAATSKAP**

5.1 Lidmaatskap van die assosiasie sal eindig as:

5.1.1 Visserman en Geassosieerde Besigheidslede, aan die einde van die jaar waarin hulle die gebruik van die AbalobiI Mark en/of the Struisbaai Houer fasiliteit staak;
5.1.2 die lid geskrewe kennis van bedanking gee aan die assosiasie; of
5.1.3 indien die lede, deur 'n twee derde meerderheid stem, en vir 'n grondige rede die lid verwyder.

5.2 Lidmaatskap sal nie oordraagbaar wees nie.

**6. VERGADERINGS VAN LEDE**

6.1 Algemene Jaarlikse Vergadering ('AJV'):

6.1.1 Die AJV sal jaarliks gehou word by sodanige plek as wat die komitee besluit en lede sal ingelig word van vergaderings deur middel van n elektroniese boodskap ten minste 14 dae voor die dag van die vergadering.
6.1.2 Tydens die AJV sal die lede toesien dat die nodige sake aangespreek word, insluitend maar nie beperk nie tot:

6.1.2.1 'n verslag deur die komitee rakende sy aktiwiteite en vordering gedurende die afgelope jaar;
6.1.2.2 finansiële verslae vir die afgelope jaar; en
6.1.2.3 verkiesing van die Komitee vir die volgende jaar.

6.2 Algemene vergaderings van lede:

6.2.1 Die komitee mag enige tyd 'n algemene vergadering van lede belê en word verplig daartoe op versoek van ten minste 51% van die lede.
6.2.2 Lede sal ingelig word van vergaderings deur middel van elektroniese boodskap ten minste 14 dae voor die dag van die vergadering en die boodskap sal die hoofsaak uiteensit wat tydens die vergadering bespreek sal word.

6.3 Kworum en prosedure tydens vergaderings:

6.3.1 Vergaderings van lede kan nie 'n aanvang neem voordat ten minste die helfde van die lede teenwoordig of verteenwoordig is nie.

KOPIEREG © 2020 NGOLAW

6.3.2 Tensy die grondwet ‘n ander persentasie aantoon, sal resolusies geneem tydens algemene vergaderings en die AJV aangeneem word deur ‘n meerderheidstem van die lede teenwoordig.
6.3.3 Vergaderings en AJV sal gelei word deur die voorsitter van die komitee, of as hy/sy nie beskikbaar is nie, deur ‘n ander lid van die komitee wat verkies is deur ‘n meerderheid van die lede met volle stemgeregtigheid teenwoordig tydens daardie vergadering.
6.3.4 Notules sal gehou word van elke algemene vergadering en AJV en sal opgeneem word en sal, na die bevestiging van lede tydens die volgende vergadering, onderteken word deur die voorsitter.

6.4 Lede wat nie ‘n vergadering kan bywoon nie, mag gevolmagtigdes aanstel om names hullle te praat en te stem, onderhewig daaraan dat:

6.4.1 ‘n lid nie meer as een gevolmagtigde mag aanstel nie;
6.4.2 ‘n lid se gevolmagtide mag nie die volmag oordra aan ‘n ander persoon nie;
6.4.3 geen persoon mag optree as gevolmagtigde vir meer as drie lede op enige tydstip nie;
6.4.4 die lid wat die gevolmagtigde aanstel moet die komitee in kennis stel voor die vergadering dat die gevolmagtigde aangestel is; en
6.4.5 enige lid wat ‘n gevolmagtigde aangestel het sal die reg voorbehou om die volmag te enige tyd te kanselleer voordat die vergadering in aanvang neem deur kennis daarvan aan die komitee te gee.

## 7. KOMITEE: SAMESTELLING EN PROSEDURES

7.1 Daar sal ten minste drie en nie meer as tien persone op die komitee dien nie, en:

7.1.1 ten minste 3 van die komitee lede sal persone wees wat nie verwant is (deur bloed, huwelik of aaneming) aan mekaar nie;
7.1.2 Abalobi (NWM) sal een komitee lid aanstel;
7.1.3 die oorblywende komitee lede sal genomineer en verkies word deur die Visserman - en Geasosieerde Besigheids Lede van die assosiasie; en
7.1.4 indien die getalle daal tot onder die minimum terwyl nuwe komitee lede aangestel word, word die oorblywende komitee lid of lede gemagtig om op te tree in bewaring van en formele administrasie van die assosiasie, en enige besluite van ‘n noodsaaklike aard sal so geldig wees asof die vereiste minimum getal van komitee lede in amp was.

7.2 Geen enkel persoon sal direk of indirek die besluitnemings bevoegdhede van die assosiasie beheer nie.

7.3 Persone bevoeg om verkies te word sal lede wees wat hulle verbintenis aan die werk van die assosiase gedemonstreer het, en wat in staat en bevoeg is om op die Komitee te dien.

7.4 Komitee lede sal aanvanklik termyne van 1 jaar elk dien. Na afloop van die aanvanklike termyn kan hulle weer in aanmerking kom vir nominasie vir ‘n maksimum van drie aaneenlopende termyne, maar daarna word ‘n oorbruggingsperiode vereis van ten minste een jaar alvorens hulle toegelaat sal word om weer verkies te word tot die komitee.

7.5 Die komitee sal:

7.5.1 ten minste 6 keer per jaar vergader, en die datum en lokaal sal gespesifiseer word in ‘n kennisgewing welke aan elke lid gegee moet word ten minste14 dae voor die vergadering; en
7.5.2 alle besluite word geneem deur konsensus, en indien konsensus nie bereik kan word nie, deur middel van ‘n meerderheidsbesluit.

KOPIEREG © 2020 NGOLAW

7.6 ‘n Kworum van ten minste 3 komitee lede word vereis vir die funksionering van die komitee. Indien die getal van die komitee daal onder 3, sal die oorblywende lede gemagtig word om op te tree om die getal van die lede te vermeerder, maar nie vir enige ander doel nie.

7.7 Die Komittee mag ‘n vergadering hou geheel en al deur elektroniese kommunikasie, of elektroniese deelname aan die vergadering toelaat indien die elektroniese kommunikasie fasiliteit die komitee- lede toelaat om op dieselfde tyd met mekaar te kommunikeer en om effektief deel te neem aan die vergadering.

7.8 ‘n Geskrewe resolusie, onderteken deur 80% van die komitee lede, sal net so effektief wees asof dit goedgekeur is tydens ‘n vergadering van die komitee wat behoorlik belê en saamgestel is. Hierdie resolusies sal opgeneem word in die notule boek tydens ‘n daaropvolgende vergadering van die komitee waarby daar ‘n kworum teenwooordig is.

7.9 Die komitee sal ‘n voorsitter verkies. Die voorsitter sal uittree elke jaar, maar mag in aanmerking kom vir herverkiesing vir ‘n maksimum van drie opeenvolgende ampstermyne Indien die voorsitter nie teenwoordig is tydens enige vergadering nie, sal die komitee ‘n ander komitee lid verkies om as voorsitter op te tree vir daardie vergadering.

7.10 Die pligte van die voorsitter sal wees om:

7.10.1 gewone en die AJV te belê;
7.10.2 as voorsitter op te tree by alle vergaderings en toesien dat die notules gehou word;en
7.10.3 die jaarlikse verslag en jaarlikse finansiele state voor te lê tydens die AJV.

7.11 ‘n komitee lid sal nie langer ‘n lid van die komitee wees nie, indien:

7.11.1 hy/sy bedank;
7.11.2 hy/sy as geestesongesteld gediagnoseer is, of nie in staat is om sy/haar eie sake te bestuur nie;
7.11.3 hy/sy insolvent verklaar word welke voorlopig of finaal, vrywillig of onder dwang of sy/haar boedel oorgee vir die voordeel van sy/haar krediteure;
7.11.4 hy/sy nalaat om drie opeenvolgende vergaderings van die komitee by te woon sonder om verskoon te word deur die res van die komitee lede; of
7.11.5 hy/sy uit die amp gestem word deur ‘n meerderheids resolusie van twee derdes van die lede van die asssosiasie.

## 8. KOMITEE: MAGTE EN VERPLIGTINGE

8.1 Die magte en die verpligtinge van die komitee sal wees:

8.1.1 die administrasie van die assosiasie namens en in konsultasie met die lede;
8.1.2 Strategiese beplanning om die doelstellings uit te voer en om die lang en korttermyn doelwitte van die assosiasie te behaal;
8.1.3 indien die aanbod van vis en ander produkte van die lede via die Abalobi Mark die vraag oorskry van kliënte in enige periode, regverdig en openlik die tellings te allokeer aan lede gebasseer op die vermoë om te verskaf, om sodoende te verseker dat al die lede die geleentheid het om te verskaf.
8.1.4 die Struisbaai Houer Fasiliteit te bestuur en te gebruik tot die voordeel van sy lede en ander vissermanne in die gemeenskap wat dit mag gebruik;
8.1.5 te vergader om die werk en vordering van die assosiasie te evalueer;
8.1.6 verslae en finansiële state aangaande die werk van die assosiasie te ontvang en te evalueer;

KOPIEREG © 2020 NGOLAW

8.1.7 komitees en subkomitees te stig wat nodig mag wees en om magte te delegeer aan sulke komitees;

8.1.8 te verseker dat behoorlike finansiële rekening gehou word, dat jaarlikse rekeninge voorberei word en dat behoorlike rekords van vergaderings en lidmaatskap gehou word;

8.1.9 regsgedinge in te stel en te verdedig in die naam van die assosiasie; en

8.1.10 enige ander handeling te verrig om die doelstellings van die assosiasie te bereik.

## 9. FINANSIES

9.1 Die finansiële jaar van die assosiasie sal eindig op die laaste dag van Julie elke jaar.

9.2 Finansiële state sal elke jaar voorberei word, en voorgelê word tydens die algemene jaarvergadering vir goedkeuring deur die lede.

9.3 Alle fondse ontvang deur die assosiasie sal onmiddellik gedeponeer word in 'n bankrekening in die naam van die assosiasie.

9.4 Die bankrekening van die assosiasie sal vereis dat ten minste twee persone benodig word om begunstigdes op te stel vir betalings en om enige betalings te maak, waarvan een persoon 'n lid van die komitee sal wees.

9.5 Alle inkomste en eiendom van die assosiasie sal gebruik (of belê) word slegs om die hoof doelstellings te bereik en sal nie aangewend word vir die spesifieke voordeel van enige individu of klein groep nie. Geen fondse sal betaal word aan enige persoon anders as in die verloop van die bereiking van die doelstellings van die assosiasie nie- op die voorwaarde dat dit nie die betaling in goeder trou sal verhoed van redelike vergoeding aan enige werknemer van die assosiasie vir enige dienste gelewer aan die assosiasie.

9.6 Geen vergoeding (soos definieer in die Vierde Skedule tot die Wet op Inkomstebelasting 58 of 1962, soos gewysig (" Die Inkomstebelasting wet") sal betaal word aan enige werknemer, ampsdraer, lid of enige ander persoon wat oormatig is, met inagneming van wat algemeen aanvaar word as redelik in die sektor en in verhouding tot die diens wat gelewer is, en geen persoon sal ekonomies bevoordeel word op enige manier wat nie versoenbaar is met die doelstellings van die assosiasie nie;

9.7 Indien die assosiasie erken word deur die Kommissaris van die Suid Afrikaanse Inkomstediens as 'n artikel 10 (1) (d) Gemeenskaplike Doel Assosiasie sal die assosiasie substansieel die grootse gedeelte van sy befondsing verkry vanaf sy jaarlikse of langtermyn lede, of van bewilligings van die nasionale, provinsiale of munisipale regering.

9.8 Die assosiasie mag nie 'n aandeel of enige ander belang in enige besigheid, professie of beroep hê wat uitgeoefen word deur sy lede nie.

9.9 Die assosiasie sal voldoen aan die verslagdoeningstandaarde van die Kommissaris van die Suid Afrikaanse Inkomstediens.

9.10 'n Lid sal geregtig wees om te kontrakteer met die assosiasie en/of met enige ander maatskappy, beslote korporasie, besigheid of professionele praktyk waarin die lede of ander begunstigdes van die assosiasie 'n belang mag hê, op die voorwaarde dat hy/sy nie mag stem ten opsigte van sodanige kontrak of ten opsigte van enige ander saak waarin hy/sy 'n belang het nie, direk of indirek. Lede sal geregtig wees om voordeel te trek uit die werk en dienste van die assosiasie

KOPIEREG © 2020 NGOLAW

en om deel te neem aan enige opleidingsprogram of ander program wat deur die assosiasie voorsien word.

9.11 Komitee lede sal dien as vrywilligers en sal nie geregtig wees op betaling vir hulle dienste aan die komitee nie, of om vergoed te word vir enige uitgawes opgedoen in die loop van die uitoefening van hulle pligte nie.

## 10. VRYWARING

10.1 Elke lid van die komitee, voorsitter, beampte en elke ander persoon (welke 'n beampte van die assosiasie of nie) in diens van die assosasie sal gevrywaar wees uit die fondse van die assosiasie teen aanspreeklikheid opgedoen in die verdediging teen enige regstappe teen hulle, welke siviel of krimineel, en waar uitspraak gegee is in hulle guns, of welke hulle vrygespreek is.

10.2 Geen lid, beampte of werknemer van die assosiasie sal aanspreeklik wees vir:

10.2.1 verlies of uitgawes opgedoen deur die assosiasie as gevolg van die ontoereikendheid of tekort aan enige sekuriteit waarvolgens enige van die fondse van die assosiasie belê is;
10.2.2 enige verlies of skade wat voortspruit uit bankrotskap, insolvensie of nalatige dade van enige person by wie fondse of bates gedeponeer is;
10.2.3 enige verlies of skade veroorsaak deur enige oordeelsfout of oorsig deur hulle; of
10.2.4 enige ander verlies, skade of ongeluk wat gebeur in die verloop van die uitoefening van hulle plig teenoor die assosiasie;

tensy die verlies/skade veroorsaak is deur sy/haar eie nalatighed, verstek, verbreking van verpligtinge, opsetlike wangedrag of opstetlike verbreking van vertroue.

## 11. VERANDERING AAN GRONDWET

11.1 Hierdie grondwet mag gewysig word deur 'n stem van nie minder as 75% van die lede teenwoordig tydens die AJV of tydens 'n algemene vergadering belê vir die doel met dien verstande dat:

11.1.1 geskrewe kennisgewing gestuur sal word aan alle lede wat die voorgestelde wysigings en redes daarvoor uiteensit; en
11.1.2 afskrifte van sulke wysigings sal, as die assosiasie erken word deur die Kommissaris van die Suid Afrikaanse Inkomstediens in terme van artikel 10(1)(d) van die Wet op Inkomstebelasting as 'n belasting vrygestelde gemeenskaplike doel assosiasie, versend word na die Kommisaris van die Suid Afrikaanse Inkomstediens of sy gevolmagtigde verteenwoordiger.

## 12. ONTBINDING

12.1 Die assosiasie mag ontbind word deur 'n stemming ten gunste daarvan van minstens 75% van die lede teenwoordig by die AJV of tydens 'n vergadering geroep vir hierdie doel en waarvan daar skriftelike kennis gegee is welke die redes vir die vergadering uiteensit.

12.2 'n Resolusie vir die ontbinding van die assosiasie sal voorsiening maak daarvoor dat die geheel van die oorblywende fondse, nadat die betaling van die laste van die assosiasie gemaak is, oorbetaal sal word aan die 'n Suid -Afrikaanse organsisasie of organisasies aangewys deur die lede:

KOPIEREG © 2020 NGOLAW

12.2.1 wat as die hoofdoelstelling ‘n doelstellling het wat soortgelyk is aan die doelstelling van die assosiasie; en

12.2.2 welke, indien die assosiasie vrygestel is van inkomstebelasting, donasie belasting en hereregte in terme van die toespaklike wetgewing van die land die volgende is:

12.2.2.1 ‘n ander entiteit goedgekeur deur die Kommissaris in terme van klousile 10(1)(d); of

12.2.2.2 enige soortgelyke publieke welsynsorgansiasie, wat goedgekeur is in terme van artikel 30 van die Wet op Inkomste Belasting.

**HIERDIE GRONDWET IS AANVAAR EN AANGENEEM TYDENS DIE EERSTE VERGADERING VAN DIE STRUISBAAI TRADISIONELE LYNVIS ASSOSIASIE**

**GEHOU TE STRUISBAAI OP:** ______________________

**ONDERTEKEN EN GESERTIFISEER AS AANGENEEM DEUR DIE LEDE:**

_____________________________
**VOORSITTER**

KOPIEREG © 2020 NGOLAW